



SELFOON BELEID

1. Alle selfone word afgeskakel sodra die leerling die skoolgrond betree voor die skooldag begin.
2. Selfone bly afgeskakel vir die volle duur van die skooldag. (07:30-13:45)
3. Sodra die skooldag verby is mag selfone aangeskakel word.
4. Indien 'n selfoon gedurende die skooldag aangeskakel gevind word :
 - Personeellid konfiskeer die selfoon.
 - Leerling skakel die selfoon af en haal die SIM kaart uit.
 - Personeellid verseël die selfoon en merk dit duidelik.
 - Selfoon word in kluis geberg totdat die wettige ouer/voog die selfoon by die prinsipaal van die skool of sy gedelegeerde kom afhaal. Niemand anders kan die selfoon aan die wettige ouer/voog oorhandig nie.
5. Ouers word versoek om die leerlinge se selfone gereeld te inspekteer om sodoende ongewenste materiaal te verwyder.
6. Die skool behou homself die reg voor om te enige tyd die leerlinge se selfone te inspekteer vir ongewenste materiaal bv. pornografie, ens.
7. Die skool aanvaar GEEN verantwoordelikheid vir enige selfoon van enige personeellid of leerling nie.

AFLAAI/AFHAAL VAN LEERDERS

Voor skool

Ouers wat leerlinge voor skool aflaai doen dit op eie risiko. Leerders wat voor 07:00 by die skool afgelaai word moet hulself so gedra dat hulle nie in gevaar verkeer nie. Alle voorvalle wat plaasvind moet by die sekretaresses aangemeld word. Vanaf 07:00 soggens is daar personeel aan diens wat help met Skolierpatrolliediens. Leerlinge wat voor 07:00 die skoolgronde verlaat doen dit op eie risiko en geen verantwoordelikheid word deur die skool hiervoor aanvaar nie.

Gedurende skoolure - leerlinge

Leerlinge mag nie die skool verlaat sonder dat die skool nie daarvan weet nie. Ouers moet toestemming vra dat hul kinders geroep word en dan moet die leerlinge in die uitteken-register aangeteken word. Geen leerling sal toegelaat word om op sy/haar eie alleen huis toe te gaan nie. Indien 'n persoon (vreemd aan die personeel) 'n leerling wil uit teken moet die persoon 'n skriftelike toestemmingsbrief sowel as sy/haar ID dokument met hom/haar saambring. Dit sal op aanvraag getoon moet word. Geen leerling sal goedsmoeds aan vreemdes oorhandig word nie.

Gedurende skoolure – ouers

Geen ouer mag binne die skoolterrein of geboue wees tydens skoolure nie. Die enigste tyd wat ouers die skoolterrein mag binnekom is na **13:45**. Dit geld ook vir Gr. 1 - 3 leerlinge se ouers.

Naskool

Gr 1 en 2 leerlinge verdaag reeds om 13:00 en sal deur 'n personeellid vergesel word tot op die krieketveld. Indien die leerling by die hek kom en sy/haar ouer/s is nie daar nie beweeg sodanige leerling terug na sy/haar klas en moet dan wag tot 13:45 en kan dan saam met die res van die skool na die twee uitgange beweeg. Alle leerlinge beweeg dan tot buite die skoolterrein waar hul ouers hul oplaai. Leerlinge wat buitemuurse bedrywighede beoefen beweeg onmiddellik en meld aan by die onderskeie afrigters. Sodra die aktiwiteite afgehandel is beweeg die leerlinge weer tot buite die skoolterrein. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige leerling wat na ure binne die skoolterrein rondwaal nie.

Naskoolsentrums

Alle leerlinge wat ingeskrewe lede van een van die naskoolsentrums is beweeg direk na skool na die onderskeie –sentrums. Die persoon in beheer sal hulle aanteken in die register. Geen leerling verlaat die gebied sonder die persoon in beheer se toestemming nie. Die hek van die onderskeie –sentrums sal gesluit bly en indien 'n ouer sy/haar kind kom haal moet die ouer die kind persoonlik kom uitteken. Geen leerling sal toegelaat word om die sentrum saam met enige vreemdeling te verlaat nie. Die vreemde sal hom/haarself moet identifiseer. Geen leerling mag op sy/haar eie alleen huis toe gaan nie.